

Van **Llewellyn** se tafel

Groep Besturende Direkteur

15 Mei 2020

Beste kliënt,

Elke druppel help om die emmer vol te maak vir boere en plattelandse gemeenskappe in nood.

Veral vir ons wat in die voedselbedryf werk, is niks slegter as om te hoor van iemand wat nie kos het om te eet nie, nog soveel te meer as dit ‘n kind of ander weerlose mense soos ons bejaardes is.

Dít word ongelukkig ‘n al hoe groter realiteit hier op ons eie voorstoep, met baie van ons boere wat steeds gebuk gaan onder dié ergste droogte in ons leeftyd en in baie gevalle in hierdie benarde posisie self nie eens in hul eie behoeftes aan kos kan voldoen nie.

Nou het die Covid-19-pandemie ook ‘n negatiewe invloed op baie van ons land se mense met ‘n reuse humanitêre krisis wat aan ons voordeur klop weens die ekonomiese impak daarvan.

Maar, ons kan saam ‘n baie groot verskil in hierdie omstandighede maak.

Die denkwyse wat ons gevestig het met die *Net ‘n druppel*-veldtog in Desember 2019 om hulp te mobiliseer vir ons boere wat die ergste deur die droogte getref is, was dat elke druppel help om die emmer vol te maak. Met dié projek het ons saam met lede van nasionale media en Agri Noord-Kaap na areas gereis wat reeds jare gebuk gaan onder die droogte om bewustheid oor die probleem te skep. Die projek het duisende mense se harte geraak regoor Suid-Afrika.

Dit was nog altyd vir GWK belangrik om boere en gemeenskappe waar ons werksaam is te ondersteun, veral waar daar nood is. Daarom brei ons die *Net ‘n druppel*-projek nou uit om verdere ondersteuning te gee aan boere in droogtegebiede én ander behoeftiges in ons bedieningsgebied.

GWK gaan reeds oor die volgende paar dae, in al die areas waar ons ‘n handelstak het, voedselprodukte begin beskikbaar stel vir boere in nood en ook vir liefdadigheid- en kerkorganisasies wat ons geïdentifiseer het om voedsel te versprei na daar waar dit in ons plattelandse dorpe die nodigste is.

Benewens die hulp wat GWK self gee, weet ons ook dat baie gemeenskapslede se harte oop is om ondersteuning te bied, maar dat daar nie altyd ‘n eenvoudige kanaal is waardeur dit gedoen kan word nie. Daarom het ons ‘n maklike proses ontwikkel vir produsente, GWK-personeel, besighede en die publiek om verder by te dra tot hierdie hulp. Ons produsente kan byvoorbeeld ‘n deel van enige van die produkte wat hul aan GWK lewer aan dié projek bemaak om so ‘n bydrae te maak. Elkeen kan kies of jou bydrae moet gaan vir humanitêre hulp aan boere in nood of behoeftiges in die verskillende gemeenskappe.

Ons deel volgende week met julle meer inligting oor presies hoe elkeen self ‘n bydrae kan maak. Ons elkeen se druppel kan ‘n emmer vul met verligting om die gemeenskappe te ondersteun waar ons werk, leef en ons kinders grootmaak. Hoewel ons maatskappy ook die impak van Covid-19 voel, glo ons dat gesonde gemeenskappe tot voordeel van ons mense, ons besigheid en ons land is.

Dit is vir ons ‘n voorreg om te werk en te leef in areas waar ons vir mekaar omgee en om projekte soos hierdie in samewerking met die boere in ons bedieningsgebied en ons vennote soos Agri Noord-Kaap, Agri SA, Agbiz en Graan SA aan te pak.

Bly veilig. Pas julleself op. Pas julle geliefdes op. Pas mekaar op.

Groete,

Llewellyn Brooks
Groep Besturende Direkteur

net ’n druppel

GWK
innoveer landbou